# DIE HUISGENOOT

## Geïllustreerde Weekblad

*Onder redaksie van J. M. H. Viljoen.*

*Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad.*

DEEL XVII, No. 548.] 23 SEPTEMBER 1932. GEREGISTREER AAN DIE HOOF-POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD. [PRYS 4D.


# Propaganda vir die Eisteddfod

'n KULTUURDAAD van die allergrootste betekenis het prof. E. C. Pienaar die Afrikaanse Eisteddfod in sy treffende openingstoespraak genoem, waarvan 'n volledige verslag elders in hierdie uitgawe verskyn. Hy het ook hulde gebring aan die klein klompie daadmense wat die moed en die volharding aan die dag lê om so 'n onderneming moontlik te maak. Hoeveel moed dit egter vereis om met die volharding vol te hou, besef 'n mens eers wanneer jy sien hoe skraal die belangstelling in sommige afdelings is — veral afdelings waar dit nie so 'n danige opoffering vereis om deel te neem nie. Ons dink b.v. aan die afdeling joernalistiek. Net twee inskrywings het ingekom, en albei nogal van dieselfde persoon. Wat het dan geword van al die aspirant-joernaliste, van wie daar honderde aansoeke om betrekkings in die koerantekantore oor die hele land lê? Die afdeling onvoorbereide toesprake het byna net so min aandag getrek, hoewel hier nie eens 'n bietjie voorbereidende inspanning nodig is nie. Het ons dan nie meer debatverenigings, C. J. V.-takke, strewersverenigings, parlementêre debatverenigings ens., waarop die gawe om 'n mens se gedagtes op pakkende wyse uit te druk, om 'n gehoor deur die mag van welsprekendheid mee te sleep as 'n bewonderenswaardige eienskap beskou word nie?

Die bestuur van die Eisteddfod hoop om aanstaande jaar weer sy volle werksaamhede aan te pak en belangstellendes moet dan betyds begin organiseer en nie weer al die propagandawerk aan die bestuur oorlaat nie. Kultuur- en debatverenigings se besture vind dit dikwels moeilik om afwisseling in hul werksaamhede aan te bring. Hulle kan die nodige afwisseling kry deur b.v. Eisteddfod-aande te organiseer. Op hierdie wyse kan hulle hul eie werksaamhede verlewendig en terselfdertyd belangstelling in hierdie groot onderneming aanwakker. Die programme kan die volgende insluit: voorlesings oor letterkundige werk en joernalistiek met die oog op deelname aan die Eisteddfod, wedstryde in voordragkuns, welsprekendheid ens. Die beste mededingers kan dan uitgesoek word om deel te neem aan die Eisteddfod. Dink net daaraan watter spoorslag dit vir 'n kultuur- of debatvereniging sal wees as hy kan meedeel dat sy lede al die mededingers op die Eisteddfod uitgestof het. Daar is een skool in die Skiereiland wat vanjaar al die eerste pryse verower het in al die afdelings waarin hy meegeding het. Hierdie skitterende prestasie is nie juis te danke aan die feit dat die betrokke leerlinge so wonderlik begaafd is nie; nee, die hoof stel belang in die Eisteddfod, verskaf leiding aan en wek geesdrif op by die leerlinge, en die gevolg is dat hulle jaar na jaar groot sukses behaal.

Die groot struikelblok is nie gebrek aan belangstelling nie, maar gebrek aan *leiding*. Leerlinge en ander belangstellendes is te beskroomd om op eie inisiatief aan die Eisteddfod deel te neem en moet dus deur die onderwyser, hul ouers of andere aangespoor en die nodige leiding gegee word. En as die onderwysers miskien nie al die nodige inligtings kan verskaf nie, sal die Eisteddfod-bestuur altyd gereed wees om persone te verskaf wat oor die nodige kennis beskik. Laat ons hierdie plan aanstaande jaar beproef en veral onthou om betyds te begin.

---

'n Tentoonstelling van Suid-Afrikaanse kunswerke sal binnekort in die Nasionale Kunsmuseum, Kaapstad, gehou word. Besonderhede tesame met kennisgewings sal binnekort aan kunstenaars en kunsverenigings oor die hele land gestuur word.

### DIE GEES VAN OOM PAUL

OOM PAUL, ons het jou nodig weer vandag!
Jy met jou stentorstem, jou vryheidsdors.
Ons diepste lewe word versmaai, verkrag.—
O onweerswolke van ons nasietrots,
pak saam! — Jou woord was wysheid, kort en klaar.
Tienduisend honger harte het geweet
dat as jy praat, dan trek jou volk sy laer
en vlam die offerande van sy leed.

Jou oë is dof van deernis as jy staar
oor jou jong Benjamin, jou vlees en bloed.
Ons wil jou liefde, volksman, weer vergoed,
jou ou beleid weer in ons hart bewaar.

Kom met jou stoere krag, Oom Paul, en wees
die slagaar van ons strewe, woord en gees!

KLEINJAN.

## AANTEKENINGE.

Moses Kottler, wat twee jaar in die buiteland vertoef het en ses maande gelede teruggekeer is, het van 10 tot 20 deser 'n tentoonstelling van sy jongste werke in Pretoria gehou. Daar was ses-en-twintig stukke op die tentoonstelling. Veral die boeretipes en die beelde van inboorlinge het, blykens berigte in die Pretoriase koerante, baie aandag getrek.

Kottler het tydens sy jongste verblyf in Londen heelwat aandag getrek in kunskringe en ook verskeie belangrike opdragte gekry, o.a. om 'n borsbeeld van die Sjah van Persië te maak.

---

Erich Mayer het gelyktydig met Kottler 'n tentoonstelling in Pretoria gehou. Mayer het in die afgelope paar jaar die land deurkruis met 'n motorkaravaan en geruime tyd is daar selde van hom gehoor. Blykbaar was hy al die tyd besig met die insameling van materiaal. Toe het hy onlangs goed geslaagde tentoonstellings in Pietermaritzburg en Durban gehou. Hy het in die laaste tyd ook belangrike werk gedoen op die gebied van muurdekorasies. Onder andere het hy 'n groot wandskildering van 120 voet lank en oor die drie voet hoog in die eetsaal van die Normaalkollege se koshuis in Johannesburg voltooi.

Die Nasionale Pers het besluit om 'n praguitgawe van senator Langenhoven se boeke uit te gee. Die stel sal uit twaalf dele bestaan, in duidelike letter gedruk en in sterk kunsleerband gebind. Die twaalf boekdele sal oor die veertig boeke insluit. Die oplaag sal vir eers tot duisend stelle beperk wees en sal alleen aan persone wat daarvoor ingeteken het, beskikbaar wees. Belangstellendes moet met die Burger-Boekhandel, posbus 692, Kaapstad, in verbinding tree.

---

Die Vrystaat se Onderwysersvereniging het sy vyf-en-twintigjarige bestaan aan die begin van die maand gevier deur die hou van 'n groot onderwysweek wat blykens die berigte in die dagblaaie skitterend geslaag het. Oor die vierduisend kinders en sowat vyfhonderd onderwysers en onderwyseresse het die verrigtinge in Bloemfontein bygewoon. Wat geesdrif vir die saak van die onderwys betref, was die Vrystaat in die verlede nog altyd 'n voorbeeld vir die res van die land. Dink maar net aan die wonderlike geesdrif wat die skoolkermisse altyd gekenmerk het. Die beweging het spontaan begin en soos 'n lopende vuur oor die provinsie gegaan. Die een skool het met die ander gewedywer om te sien wie die grootste bedrae kon insamel, en volgens 'n verklaring van administrateur Wilcocks op die pas gehoue onderwysweek het die Vrystaatse skole op hierdie wyse al by die honderdduisend pond byeengebring.

Deur in hierdie tye van ekonomiese gedruktheid, wat in die Vrystaat as oorwegend landbouprovinsie sterker gevoel word as in enige deel van die land so 'n groot onderneming aan te pak, het die Vrystaat andermaal getoon dat die dinge van die gees by hom nie deur materiële swaarkry kan oorskadu word nie. Ons wens die O.V.S.O.V. geluk met die skitterende prestasie en wil die hoop uitspreek dat hy in die toekoms in toenemende mate die simpatie en steun van die publiek sal ondervind in verband met sy ondernemings in belang van die jeug van die provinsie.

---

Mnr. J. [illegible] Smith, die Kaapstadse skilder, sal vanaf 10 Oktober 'n tentoonstelling van sy werke op Stellenbosch hou. Mnr. Smith het groot sukses gehad met sy jongste tentoonstelling in Kaapstad en verrassende vooruitgang aan die dag gelê. Sy aanstaande tentoonstelling behoort dus ook om hierdie rede vir kunsliefhebbers van belang te wees.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012